# Die Brief 1 Johannes

## Omgeegroep gespreksgids
## Tema 4

## Ons sal eendag soos Jesus wees…

Inleidende vraag:

- Het jy al ooit iemand hoor sê dat iemand wat hulle ken nie ‘n gelowige is nie maar dat hulle ‘n baie goeie mens is? Wat dink jy bedoel hulle daarmee?
- Hoe verskil ‘n “goeie mens” en dit wat hulle doen van ‘n Christen en die manier hoe hulle liefde leef?

Lees 1 Johannes 4:7-11

- Watter woord, vers of gedagte het by jou opgekom toe jy hierdie paar verse gelees het?

1 Johannes 4:7-11 kan in ‘n basiese struktuur opgedeel word. Kyk na die struktuur en probeer om die struktuur inhoud te gee deur te se wat elkeen van die punte sou beteken.

Daar is ‘n OPDRAG
REDE
VOORBEELD
MOTIEF
RESULTAAT

(Vir die herderleier – wat is die opdrag wat ons in 1 Johannes 4:7 raaklees? Hoekom het ons as gelowiges hierdie opdrag gekry? Ons kan hierdie opdrag nastreef omdat die Vader vir ons ‘n voorbeeld gestel het deur Jesus se koms. Sy moetief gaan oor liefde – wie God in wese is. As ons hierdie opdrag na kom dan sal daar ‘n sekere resultaat wees. Wat is die resultaat?)

Lees 1 Johannes 4:12-21

- Watter woord, vers of gedagte het vir jou uitgestaan toe jy hierdie gelees het?

In 1 Johannes 4 vers 20 lees ons "As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie."

- Wat beteken die woord haat?
- Sou ons ander woorde ook daar kon inlees soos skinder, vloek, terg, boelie, ongeduld ens.?

Bespreek die volgende stelling van Scott Hoezee – "Hoe minder oortuig jy is van God se onvoorwaardelike liefde vir jou, hoe groter gaan jou vrees wees. En hoe groter jou vrees is, hoe moeiliker gaan dit vir jou wees om opregte liefde teenoor jou medegelowiges te leef…"

Word vir 'n oomblik prakties. Johannes sluit hierdie hoofstuk af met hierdie woorde:

> "[21]En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê."

Dink aan manier hoe julle in die volgende week jou broer prakties kan liefhê.

- Wie is hierdie broer vir jou?
- Hoe lyk liefde teenoor hierdie broer?
- Gaan die broer dink jy is 'n Christen of 'n goeie mens wanneer jy die liefde teenoor hulle uitleef?

Sluit julle geleentheid af deur met mekaar gebedsbehoeftes te deel en daarvoor te bid. Probeer ook tydens die gebed bid vir elkeen se verhouding met God sowel as onderlinge verhoudings tussen mekaar.